Skitter Akademie

JOU EERSTE ALLES IN EEN AKADEMIE!

Inhoudsopgawe

Kleuterskoolkurrikulum..... Bl. 1-4

Musiek- en Sportprogram..... Bl. 5

Lees- en Telprogram..... Bl. 6

Dagprogram..... Bl. 7

Kleuternaskool..... Bl. 8

Huiswerksentrum..... Bl. 9

Fasiliteite..... Bl. 10

Personeel..... Bl. 11

Kostes..... Bl. 12

Reëls en Regulasies..... Bl. 13

Besonderhede..... Bl. 14

Skitter Akademie
Kleuterskoolkurrikulum

Missie: Om deur middel van sterk Christelike beginsels u kind die geleentheid te bied tot optimale ontwikkeling.

Skitter Akademie se kleuterskoolkurrikulum is gebaseer op die 14 ontwikkelingsvlakke van 'n kind, naamlik:

1. Verstandelike ontwikkeling
2. Nuuskierigheid
3. Spel
4. Bewustheid van self
5. Sintuiglike waarneming
6. Emosionele ontwikkeling
7. Liggaamlike ontwikkeling
8. Onafhanklikheid
9. Handvaardigheid en Oog-handkoördinasie
10. Sosiale ontwikkeling
11. Luistervaardighede
12. Taalbegrip
13. Spraakontwikkeling
14. Kommunikasie

VERSTANDELIKE ONTWIKKELING:

Verstandelike ontwikkeling dui op die vermoë van die brein om inligting te verwerk.
Voordele: **Ontwikkeling van die vermoë om sintuiglike inligting te integreer, assosiasies te vorm en voorspellings te maak , probleme op te los deur geïntegreerde doelgerigte aksies en abstrakte denke, .stel 'n kind in staat om sin uit sy wêreld te maak. Dit sluit ook permanente voorwerp-herkenning en die ontwikkeling van 'n begrip vir tyd in.*

NUUSKIERIGHEID:

Dit dui op die entoesiasme waarmee 'n kind sy wêreld probeer ontdek en die ingesteldheid waarmee hy met sy omgewing in interaksie tree.
Voordele: **Al die ander areas van 'n kind se ontwikkeling word positief beïnvloed wanneer hy sy omgewing met entoesiasme en 'n positiewe, selfversekerde en afwagtende houding benader – veral sy intellektuele en emosionele ontwikkeling.*

SPEL:

Spel verwys na die proses waardeur die kleinkind sy omgewing ontdek en die tipiese manier waarop hy, op sy besondere ouderdom, met sy wêreld in interaksie tree.

Voordele: **Spel is die werk van die baba en peuter. Dit is, saam met nuuskierigheid, die area wat al die ander areas van ontwikkeling voed. 'n Onderwyser wat weet hoe om kinders se spelvaardighede op al die verskillende stadiums van ontwikkelling te stimuleer, help hul om verhoudings te bou en om meer nuuskierig en baie minder gefrusreerd te wees.*

BEWUSTHEID VAN SELF:

'n Kind ontwikkel 'n bewustheid van sy eie liggaam en leer dat sy liggaam apart van ander mense se liggame bestaan, en dat dit nie deel van sy omgewing is nie. Hy raak toenemend bewus van die twee rolle van sy liggaam en die posisie van sy liggaam ten opsigte van ander voorwerpe. Verder ontwikkel hy 'n "liggaamsbeeld", oftewel die indruk wat hy van sy eie liggaam het.

Voordele: **'n Kind se ervaring van homself en van sy wêreld is op sy eie liggaam gesentreer. Die manier waarop hy sy liggaam ervaar lê dus die basis waarop gevoelens van selfvertroue en bevoegdheid ontwikkel.*

SINTUIGLIKE WAARNEMING:

Sintuiglike waarneming verwys na die vermoë van die brein om inligting, wat vanaf die sintuie ontvang word, te vertolk en te verstaan.

Voordele: **'Bykans alle inligting wat die brein vanaf die buitewêreld bereik, word via die sintuie aangestuur. Soos wat hierdie inligting verwerk word, word die brein gestimuleer om verbindings tussen breinselle te vorm.*

EMOSIONELE ONTWIKKELING:

Emosionele ontwikkeling behels die manifestering van verskillende emosies met verloop van tyd, sowel as die ontwikkeling van die kind se vermoë om homself te motiveer. Dit behels ook die kind se vermoë om emosies in homself en in ander mense te identifiseer en hanteer.

Voordele: **Emosionele ontwikkeling is nou verweef met sosiale- en persoonlikheidsontwikkeling. 'n Kind, wat 'n hoë emosionele intelligensie het, kan homself motiveer. Hy is bewus van die verskillende emosies en hy kan daarby aanpas. Hy is meer gewild as die ander kinders en sy kanse om sukses te behaal is groter as 'n kind met 'n swak emosionele intelligensie.*

LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING:

Liggaamlike ontwikkeling behels die ontwikkeling van die grootspiere in die liggaam, sowel as balans, koördinasie en voortbewegingsvaardighede.

Voordele: **'Liggaamlike ontwikkeling stel 'n kind in staat om op 'n meer onafhanklike manier met sy omgewing om te gaan en om sy omgewing meer effektief te verken.*

ONAFHANKLIKHEID:

Die ontwikkeling van onafhanklikheid behels die aanleer van praktiese vaardighede wat kinders mettertyd in staat stel om dinge vir hulself te kan doen.

Voordele: **Behalwe die ooglopende voordele wat dit vir 'n kind inhou om dinge vir homself te kan doen, word 'n kind se selfbeeld versterk en gevoelens van bevoegdheid word vasgelê.*

HANDVAARDIGHEID EN OOG-HANDKOöRDINASIE:

Dit behels die ontwikkeling en beheer oor die fynspiere in 'n kind se vingers, en die interaksie en samewerking tussen sy oë en hande.

Voordele: **'n Kind gebruik sy hande tydens die eerste jare om die effek van sy bewegings op voorwerpe te ontdek en om die eienskappe van hierdie voorwerpe te ondersoek. Hy gebruik ook sy hande om probleme op te los, te eksperimenteer met die verskillende maniere waarop voorwerpe op sy aksies reageer en om 'n begrip te ontwikkel van konsepte soos groot en klein, swaar en lig, min en baie.*

SOSIALE ONTWIKKELING:

Sosiale ontwikkeling behels die kleinkind se vermoë om effektief met ander mense in interaksie te tree en te wees, om vertrouensverhoudings aan te knoop en om aan te pas by die eise en die verwagtinge van die samelewing.

Voordele: **'n Kind se ervaring van himself en van sy wêreld is om sy liggaam gesentreer. Die manier waarop hy sy liggaam ervaar lê dus gevolglik die fundament waarop gevoelens van selfvertroue en bevoegdheid ontwikkel.*

LUISTERVAARDIGHEDE:

Luistervaardighede dui op 'n kind se vermoë om inligting wat vanaf sy ore na sy brein gestuur word, te verwerk.

Voordele: **'Luistervaardighede lê die grondslag vir spraakontwikkeling en die ontwikkeling van taalbegrip, sowel as musiekontwikkeling en musiekwaardering. Die ontwikkeling van luistervaardighede het spesiale aandag nodig in die hoogs visuele wêreld waarin vandag se kinders groot word.*

TAALBEGRIP:

Taalbegrip dui op 'n kind se vermoë om betekenis aan spraakklanke te heg.

Voordele: **'Taalbegrip is die heel belangrikste sleutel tot verstandelike ontwikkeling. Hoe beter 'n kind taal verstaan, hoe meer gevorderd sal sy denkprosesse wees.*

SPRAAKONTWIKKELING:

Spraakontwikkeling behels die vermoë om spraakorgane te gebruik en om spraakklanke voort te bring wat betekenis oordra.

Voordele: **'n Kind wat in staat is om effektief woorde te gebruik om te kommunikeer, is minder gefrustreerd en meer vol selfvertroue. Die vermoë om effektief deur middel van woorde te kommunikeer, dra ook by tot beter sosiale ontwikkeling.*

KOMMUNIKASIE:

Dit behels die vermoë om 'n boodskap effektief na 'n ander persoon oor te dra.

Voordele: **'n Kind wat 'n behoefte het om met ander te kommunikeer, sal meer dikwels probeer om homself in woorde uit te druk. 'n Kind wat effektief kommunikeer sal sosiaal ook beter aanpas en 'n beter selfbeeld ontwikkel.*

Benewens die 14 ontwikkelingsvlakke hierbo bespreek, sluit die kurrikulum ook 'n gespesialiseerde Lees- en Telprogram, 'n Sportprogram sowel as 'n Musiekprogram in.

SKOOLGEREEDHEIDSVAARDIGHEDE:

In die Graad R groep word daar onderleiding van 'n gekwalifiseerde onderwyseres met BEd-graad, baie intensief gefokus op die 50 skoolgereedheidsvaardighede en die ontwikkelingsaktiwiteite vir die vaardighede.

Die skoolgereedheidsvaardighede word in 6 groepe verdeel, naamlik:

1. Grootspier en Koördinasie
2. Fyn spiere en Kuns
3. Visuele waarneming
4. Ouditiewe waarneming
5. Wiskunde ontwikkeling
6. Taal en Denke

Skitter Akademie

Musiek- en Sportprogram

Musiekprogram

Musieklesse klink eerder na 'n luukse as 'n noodsaaklikheid maar dit het 'n positiewe invloed op 'n kind se akademiese ontwikkeling. Die brein verwerk musiek en wiskunde op dieselfde manier, en hoe vroeër kinders met musiek begin hoe beter. Tydens die maak van musiek, vorm die brein patrone om klanke en ritme vas te lê, wat soortgelyk is aan die patrone wat in wiskundige verwerkings gebruik word. Verder ontwikkel musiek ook die vermoë om klanke te onderskei, wat direk met geletterdheid verband hou.

Skitter Akademie se musiekprogram is 'n genotvolle, gestruktureerde program wat deur Me. Pretsch ontwikkel is. Die ouderdomme 2-3jaar begin met ritme instrumente en 4-5jaar basiese notasie en meer gespesialiseerde ritme instrumente. Die graad R groep begin met notasie asook 'n instrument soos blokfluit.

Buiten die akademiese voordeel wat die musiekprogram vir die kinders inhou, sal hul ook na voltooiing van hierdie program in staat wees om met enige formele musiekopleiding voort te gaan.

Sportprogram

Sportontwikkeling by kinders behels die aanleer van bal- en speelvaardighede, die ontwikkeling van die nodige hand- en oogkoördinasie en balans wat noodsaaklik is om suksesvol in enige sportsoort te kan wees.

Die sportprogram vervang nie die liggaamlike ontwikkeling in die kurrikulum nie, maar is 'n toevoeging tot die kurrikulum, en is meer spesifiek gerig op die ontwikkeling van sportvaardighede.

Skitter Akademie

Lees- en Telprogram

Die Lees- en Telprogram is gebaseer op herhaling, met spesifieke vorderingsvlakke wat deur kinders behaal moet word.

Leesprogram:

Lees is 'n komplekse proses en behels verskillende geïntegreerde vaardighede. Die vaardighede word nie altyd agtereenvolgend aangeleer nie, maar kan soms ook gelyktydig aangeleer word. Die stappe in die Leesprogram behels onder meer die volgende prosesse:

1. Herkenning van die letters, sowel as die verskille en ooreenstemming van letters.
2. Aanleer van die klank wat met die letter geassosieer word.
3. Woordfamilies en woordbou.
4. Sigwoorde.
5. Ontsyfering van letters en klanke.
6. Lees- en skryftekens.
7. Spelpatrone.
8. Begrip.

Telprogram/Wiskunde)

Let asseblief daarop dat Telprogram en Wiskundeprogram vir die doeleindes van hierdie inligtingstuk as sinonieme gebruik word. In die bespreking hier onder word die term 'wiskunde' gebruik.

'n Groot geheim van wiskunde is selfvertroue. Wanneer kinders nie waagmoed aan die dag lê tydens die aanleer van wiskunde nie, sal hul minder suksesvol wees in die uitvoer van wiskundige take. Die wiskundeprogram word in twee dele gedeel naamlik Denkende Wiskunde en Inhoudswiskunde.

Begrippe in Denkende Wiskunde:

1. Probleemoplossing
2. Kommunikasie
3. Redenasie
4. Verbindings

Begrippe in Inhoudswiskunde:

1. Patrone en verhoudings
2. Syfers en Tel
3. Meetkunde en ruimtelike bewustheid
4. Meting
5. Breuke
6. Skatting

Skitter Akademie Kleuterskool

Dagprogram

06:30 – 07:30	Aankoms en Ontbyt
07:30 – 08:00	Gesamentlike opening in die ontvangslokaal
08:00 – 09:00	Kring 1 - Gerigte aktiwiteite
09:00 – 09:15	Opruim en Kleedkamers
09:15 – 10:00	Kring 2 – Gerigte aktiwiteite
10:00 – 10:30	Verversings
10:30 – 11:30	Kring 3 – Skeppende aktiwiteite
11:30 – 12:30	Kring 4 – Vry spel
12:30 – 12:45	Opruim en Kleedkamers
12:45 – 13:00	Storietyd
13:00 – 13:30	Wag-'n-bietjie-klas

Gerigte Aktiwiteite Kring 1:

- ✓ Nuus en Weer
- ✓ Tema Bespreking
- ✓ Geletterdheid
- ✓ Gesyferdheid

Gerigte Aktiwiteite Kring 2:

- ✓ Musiek
- ✓ Bal en Speel
- ✓ Lewensvaardigheid

Skeppende Aktiwiteite Kring 3:

- ✓ Klei
- ✓ Legkaarte
- ✓ Blok spel
- ✓ Fantasiespel
- ✓ Kunsaktiwiteite
- ✓ Bak en Brou

Vry spel Aktiwiteite Kring 4:

- ✓ Klimapparaat
- ✓ Sand spele
- ✓ Waterspele
- ✓ Fantasiespel
- ✓ Balspele

Skitter Akademie
Naskool vir kleuters

Skitter Akademie beskik ook oor 'n naskool-fasiliteit vir die kleuters. Hierdie fasiliteit is apart en maak nie deel uit van die Laerskool se naskool en huiswerksentrum vir kinders nie.

Die Kleuterskool se naskool is 'n veilige, rustige, genotvolle omgewing vir u kind. Daar is ook geleentheid vir die kinders om aan die volgende ekstra aktiwiteite deel te neem:

Sport ontwikkeling – ingesluit by die skoolfonds

Gespesialiseerde musiek opleiding – ingesluit by die skoolfonds

Swem – R350 p/m

Kuns – R200 p/m

Robotics – R350 p/m

Navrae en reëlings oor die ekstra aktiwiteite word slegs deur Me Pretsch hanteer en georganiseer, en vind op Skitter Akademie se perseel plaas.

Skitter Akademie
Huiswerksentrum vir laerskoolkinders

Skitter Akademie huiswerksentrum is 'n gespesialiseerde sentrum waar kinders huiswerk doen en akademiese vaardighede ontwikkel, en is apart van die naskool vir kleuters.

Die hoofdoel van die huiswerksentrum is om selfstandigheid ten opsigte van akademiese aktiwiteite by leerders te ontwikkel in 'n gestruktureerde, genotvolle omgewing. Dit sluit onderrig in tydsbeplanning in tydens nie-eksamen kwartale.

'n Verdere doel van die Huiswerksentrum is om gemoedsrus aan ouers te bied, waar hul kinders veilig en versorgd is terwyl huiswerk onder toesig van 'n gekwalifiseerde onderwyser gedoen word, en daar genoegsame individuele aandag aan elke kind gegee word.

Program na skool

Wanneer leerders van die skool af kom in die middae, word daar nadat hulle die beplanning vir die week gaan haal het, eers 3 klein opdragte uitgevoer, naamlik; Begripstoets in Engels en Afrikaans op die leerder se vlak en 'n hoofrekeninge Wiskunde toetsie. Die toetsies is nie lang toetse nie, so ongeveer 10 punte elk. Die doel van hierdie toetsies is om *lees-met-begrip* te ontwikkel, aangesien 'n gebrek aan *lees-met-begrip* die grootste probleem met die beantwoording van vraestelle is. Die begripstoetse sal nie net spelling en skryfwerk bevorder nie, maar ook die lees van vrae. Wiskunde hoofrekeninge oefeninge sal help om onnodige foute tydens toetse en eksamens uit te skakel, wat sal help met tydsbesparing tydens eksamens en toetse.

Nadat die toetsies afhandel is sal daar met die huiswerk, take en leerwerk begin word.

Algemeen

- Daar is 'n "boeke-snoepie", waar karton en ander basiese benodighede beskikbaar is vir skooltake.
- Daar is ligte verversings beskikbaar.
- Eenmaal per week word die Skitter Wetenskap klas aangebied. Dit is 'n veilige, opwindende wetenskap klas met verskillende eksperimente. Koste vir die Skitter Wetenskap klasse beloop R250 p/m vir die 3 - -8 jaar groep en R300 p/m vir die 9 – 13 jaar groep.
- Vakansieprogramme sal voor elke vakansie gefinaliseer word.

Vervoer:

Vervoer is beskikbaar tussen 13:30 en 15:00 vanaf Laerskool Baanbreker en Laerskool Elspark, deur die Skitter Akademie Personeel.

Skitter Akademie

Fasiliteite

Skitter Akademie beskik oor die volgende fasiliteite:

1. Veilige af- en oplaai area
2. Rustige en veilige omgewing
3. Ontvangslokaal waar kinders in die oggend eie ontbyt kan geniet
4. Ruim, luukse klaskamers met 'n huislike atmosfeer.
5. Terapie kamer
6. Netjies, higiëniese badkamers met permanente skoonmakers
7. Groot aanloklike speel area met verskeidenheid van ontwikkelingsfasiliteite
8. Binne- en buite- storie lees lokaal
9. Buite onderdak eetgeriewe
10. Vrydae snoepie vir kleuter
11. Boeke-Snoepie vir huiswerksentrum kinders
12. Veilige stimulerende baba ontwikkelings klas
13. Swemles geriewe

Skitter Akademie

Personeel

Alle Skitter Akademie personeel word met die hand uitgesoek. Die personeel beskik oor die nodige ervaring, kwalifikasies, professionaliteit en passie.

Meer oor die Hoof…

Renate Pretsch gebore in Pretoria en het gematrikuleer by Hoërskool Dr. Malan.

Sy het haar B.Ed graad in Grondslagfase aan die Noordwes Universiteit verwerf, en reeds op skool haar grade in musiek voltooi en is die eienaar van Con Amoré musiekstudio vanaf 2010.

In 2014 het sy Dr H Schoemann se Spelterapie Vlak 1 & Vlak 2 voltooi. Sy is ook die stigter van die Leer my Leer kursus waar studente gemotiveer word en effektiwiteit geleer word tydens studies.

Haar passie vir onderwys en kinders kan nie ongesiens verby gaan nie, en sy strewe altyd om met sterk Christelike beginsels, liefde en kennis 'n verskil te maak.

Met die 10 jaar onderwyservaring, waarvan 9jaar by Graad 1, het sy haar insig, kennis en ervaring gebruik om 'n omvattende kurrikulum met gewaarborgde uitkomste vir Skitter Akademie te ontwikkel.

Skitter Akademie

Kostes

Alle gelde moet voor die **3de** van elke maand inbetaal wees.

Kleuterskool:

- R1600 per maand vir 12 maande van die jaar.
- Eenmalige registrasiefooi van R900 betaalbaar saam met u inskrywing. Dit sluit skryfbehoeftes en 1 Skitter Akademie hempie in, wat op Vrydae gedra word in.
- Dit wil sê u as ouer moet Januarie 2018 R1600 en R900 registrasie geld betaal indien u nie reeds einde 2017 die registrasiegeld betaal het nie.

Baba klas:

- R2000 per maand vir 12 maande van die jaar.
- Baba klas se fooie vir halfdag en voldag is dieselfde.
- Eenmalige registrasiefooi van R150 betaalbaar saam met u inskrywing. Alle benodighede word deur die ouers voorsien.
- Dit wil sê dat u as ouer Januarie 2018 R2000 en R150 registrasie geld betaal indien u nie reeds in 2017 die registrasiegeld betaal het nie.

Kleuter Naskool:

- R620 per maand vir 12 maande. Ekstra aktiwiteite wat nie deel van die kurrikulum vorm nie, sal per staat gehef word.

Huiswerksentrum:

- R900 per maand betaalbaar vir 12 maande van die jaar.
- Eenmalige registrasie fooi van R150 betaalbaar met inskrywing.

U kan reeds vanaf 1 September 2017 u registrasiegeld betaal om u kind se plek in Skitter Akademie te waarborg.

SKOOLFONDS SLUIT REEDS DIE SPORT ONTWIKKELINGS PROGRAM ASOOK DIE MUSIEK LESSE IN.

Skitter Akademie

Reëls en Regulasies

Aankomstye:

Kinders word persoonlik deur een van Skitter Akademie se personeel-lede ontvang vanaf 06:30 – 08:00. Geen kinders mag by die hek afgelaai word nie. Die hekke sal terwille van sekuriteit 08:00 gesluit word. Ouers wat as gevolg van onvoorsiene omstandighede laat is kan die klokkie lui en daar sal deur 'n personeellid oopgemaak word.

Vertrektyd:

Die vertrektyd is vanaf 13:00 – 13:30 vir die kleuters wat nie by die naskool bly nie. Die kinders wat by die naskool bly vertrek vanaf 16:30 – 17:30 Maandae tot Donderdae en 16:30 – 17:00 op Vrydae. Geen kind sal toegelaat word om self na die voertuie te stap nie, almal moet binne afgehaal word. Indien u laat is sal daar R100 per halfuur boete teen u rekening gehef word.

Kos en Verversings:

Kinders bring hul eie kospakkie saam skool toe. Daar sal geleentheid gegee word in die oggend vir die kleuters wat baie vroeg kom om hulle pap in die ontvangslokaal te eet, en die naskool kleuters kan hulle kos in die yskas bêre. Gedurende die dag is daar gefiltreerde water beskikbaar en 'n snoepie is beskikbaar vanaf 14:00 – 14:30.

Afwesighede:

Ouers word vriendelik versoek om Skitter Akademie per e-pos, "Class Dojo" of sms in te lig indien u kind afwesig sal wees. Kinders met aansteeklike siektes moet by die huis gehou word totdat die toestand opgeklaar het.

Kleredrag:

Die skooldrag is gemaklike klere en skoene Maandae – Donderdae. Vrydae dra ons die Skitter Akademie hempie wat saam met die registrasiepakket aan ouers verskaf word. Dit word eers tydens die eerste week aangepas en sodra dit reg is sal u dit ontvang. Indien u 'n ekstra stel hempie wil bestel, is dit beskikbaar teen R100 per hempie. Daar moet ten alle tye 'n ekstra stel skoon klere in u kind se tas wees.

Verjaarsdae:

Ouers kan vooraf reël indien u verversings wil stuur op u kind se verjaarsdag. Ons versoek egter vriendelik dat u geen koeke wat gesny en gedeel moet word stuur nie. Reël asseblief met die klas onderwyseres.

Uitstappies en besoeke:

Indien enige uitstappies of besoeke beplan word sal u skriftelik in kennis gestel word waarop u dan kan toestemming gee.

Probleme en persoonlike afsprake:

Ouers is welkom om enige probleem of bekommernisse persoonlik, of per e-pos te bespreek. 'n Afspraak sal gereël word in die middae saam met die Hoof en betrokke personeellid indien u dit so verkies.

Skitter Akademie

Besonderhede

Adres:

5 Marks Laan
Farrarpark
Boksburg
1459

Foon:

084 250 6312 (Hoof)

E-pos:

skitter.akademie@gmail.com

Webtuiste:

www.skitterakademie.com

Facebook@SkitterAkademie

Bankbesonderhede:

Skitter Akademie
Capitec Bank
Spaarrekening - 1489576663
Taknommer – 470010
Verwysing – Kind se Van en rekeningnommer